NG Gemeente Worcester-Audenberg

Medewerkers van God
Gehoorsaam Sorg-saam Dien saam

Baie welkom by vanoggend se erediens 1 Maart 2020

Teks Gen 2:15-17; 3:1-7
Tema: Lyding kom deur (ons antwoord op) versoeking

Die mens verloor die paradys, deurdat hul toegee aan versoeking.
Dit is steeds ons groot probleem. Die alternatiewe lyk dikwels net baie beter as God se plan.
Selfs die kerk en ouers kan deel wees van die versoeking.
Jesus neem hierdie lyding op Homself, weerstaan die versoeking en herstel so die paradys.

Kalender

Maart ~
1 - Worcester 200 Gesamentlike Feesdiens 18:00 (Kerkplein)
5 - Kerkraadsvergadering 18:30

Meelewing

* Ons innige simpatie en meegevoel aan Wiehann van Tonder en sy gesin met die dood van sy ma.
* Elsa Bruwer is in die hospitaal

Die pad vorentoe

Op Donderdag, 5 Maart vergader die Kerkraad weer om belangrike besluite oor ons as "medewerkers van God" te neem. Bid asb vir hierdie vergadering.

Besoekende predikant Sondag 8 Maart

Volgende Sondag sal die diens waargeneem word deur ds Uys Theron.

DEUROFFERS

23 Februarie:
Ramot - R1 628,50

Vandag: *Dowe Familiekerk*

Volgende Sondag: *Toevlug*

SKRIF VERSTAAN
HOE LEES MENS DIE BYBEL?

11, 18 & 19 Maart 2020

Spreker: Prof Louis Jonker
Tyd: 19:00
Plek: Worcester-Vallei Kerksaal

Nuwe intrekkers en besoekers

Baie welkom by ons!
Aan die hand van ons ankerteks; 2 Kor 6:1-13 wil ons graag lewe en groei as Medewerkers van God wat groei in gehoorsaamheid aan God, versorgend vir mekaar en diensbaar in die Koninkryk. Vul asb die groen vormpie (by die deure beskikbaar) in en kom val saam met ons in in hierdie wonderlike roeping.

Alle tieners!

#imagine

Hou 27-29 Maart oop, kry jou pelle bymekaar en maak jou reg vir 'n groot fees! Meer info volg later.
Navrae intussen by
Ebeth Hanekom ~ 074 484 4858

BASAAR 2020

TOMBOLA

Ons soek asseblief legkaarte, storieboeke, sagte speelgoed en ander **heel, bruikbare** speelgoed vir ons tombola tafel by die basaar.

Bring asb na die Kerkkantoor of kontak Marietjie Fouché 082 820 0439

Worcester reik uit na Mosambiek

Die Ring van Worcester beplan weer vanjaar 'n uitreik-aksie na Songo in Mosambiek. Dit vind gedurende die winterskoolvakansie van 11 Junie tot 30 Junie plaas. Daar word beplan om onder andere bouwerk te doen en poppekas te hou. Volwasse lidmate, studente en senior hoërskoolleerlinge is baie welkom om saam te gaan.
Belangstellendes kan Johan Blomerus by 082 829 7342 kontak of ds G.P. of hulle kontakbesonderhede by die kerkkantoor inhandig.

Wêreldbiddag vir Vroue
Vrydag 6 Maart

Hierdie jaar word dit voorberei deur die Wêreld-biddag-komitee van Zimbabwe. Die Tema: "Staan op! Neem jou slaapmat en loop." (Joh. 5:2-9). Lees wat hier volg en tree dan daarmee in vir Zimbabwe en Suid Afrika. Zimbabwe het vir baie jare politieke geweld beleef. Sommige gemeenskappe beleef steeds die nagevolge van die trauma en spanning. God moet ons eers genees voordat ons in vrede en liefde teenoor mekaar kan optree.

(Daar is ongelukkig geen byeenkoms hierdie jaar gereël in Worcester nie)

Kontak ons ~

Haarlemstraat 15, Worcester 6850
Tel: 023 342 1776 Sel: 063 686 6381
Faks: 023 342 2040
E-pos : admin@audenberggemeente.co.za
Web: www.audenberggemeente.co.za
Gaan like ons facebook bladsye—
Audenberg NGK en Audenberg Jeug

Like

Ons dorp is vanjaar 200 jaar oud!

Vanmiddag vanaf 13:00 tot 18:00 is daar 'n gratis Gospel musiek konsert op kerkplein.

'n Interkerklike dankseggingsdiens, gelei deur Di Jeff Fransman, Andri Eloff en Pastoor William Curran begin vanaand om 18:00.

Kom wys ook u dankbaarheid.

Bring asseblief u eie stoel saam.

1820 200 2020 YEARS WORCESTER Celebrating our Abilities

Skryf in vir afvalplastiek-kompetisie!

Prof Erwin Schwella beweer: "Plastiek is gevaarliker as plofstof; daarom moet ons hierdie besoedeling bestry." Saam met die beweging Ligstad Bellville, het hulle 'n afvalplastiekkompetisie begin. Daar is drie kategorieë en ook kontantpryse. Inskrywings sluit 29 Mei.

Vir navrae, kontak ds G.P.

YOCO kaartmasjien & SnapScan

Goeie nuus! Die kerkkantoor het nou 'n kaartmasjien! Neem asb die vrymoedigheid om jou maandelikse bydrae, tiende maand dankoffer, etekaartjies ens op hierdie manier te betaal.

Dan het ons ook nou SnapScan - 'n gerieflike en maklike manier om bv. Kollekte te gee of enige ander betaling te doen. Om SnapScan te gebruik is die volgende nodig:

1. Download die SnapScan app op jou foon deur Google Play Store of die App store
2. Registreer jou epos adres en vul jou besonderhede in
3. Vul jou kaartbesonderhede in of scan jou kaart
4. Kies jou pin nommer
5. Jy is gereed om betalings te maak!
6. Kliek op die kamera in die middel onder
7. Scan die QR kode
8. Kies jou bedrag
9. Druk jou pin in en die betaling is deur!

Snap here to pay

SnapScan

Verjaarsdae ~
Baie geluk aan almal wat hierdie week hul verjaarsdag vier!

Noemnaam	Verjaar	Noemnaam	Verjaar
Johann Carstens	03/01	Jeanette Vorster	03/04
Madeleine van der Westhuizen	03/02	Frans Barlow	03/05
Cor-Mari van Litsenborgh	03/02	Anton Nel	03/05
Lizelle Borcherds	03/03	Debbie Snyman	03/05
Tinus Hendriksz	03/03	Andrei Abrahams	03/06
Chrisna Millen	03/03	Adele Carstens	03/07
Alexander Oehl	03/03	Cornelia Cronje	03/07
Adriaan van der Westhuizen	03/03	Corné du Bois	03/07
Elbert de Wet	03/04	Christiaan Jacobs	03/07
Janco du Plessis	03/04	Albert Janse van Rensburg	03/07
Renier Lamprecht	03/04		

<u>Neem asb kennis</u>:

Volgens nuwe wetgewing mag die kerk geen kontak-besonderhede van lidmate publiseer of uitgee aan derde partye nie.

Indien jou besonderhede nie hier verskyn nie of nie korrek is nie, kontak asb die kerkkantoor.